



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Regulation Gazette

No. 10742

Regulasiekoerant

Vol. 625

24 July
Julie 2017

No. 41000

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5843



9 771682 584003

41000



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

No FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

<i>No.</i>		<i>Gazette No.</i>	<i>Page No.</i>
PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES			
R. 23	Special Investigating Units and Special Tribunals Act (74/1996): Referral of Matters to Existing Special Investigating Unit.....	41000	4
R. 23	Wet op Spesiale Ondersoekenhede en Spesiale Tribunale (74/1996): Verwysing van Aangeleenthede na Bestaande Spesiale Ondersoekenhede.....	41000	6
R. 24	Special Investigating Units and Special Tribunals Act (74/1996): Referral to matters to existing Special Investigating Unit: Department of Rural Development and Land Reform	41000	8
R. 24	Wet op Spesiale Ondersoekenhede en Spesiale Tribunale (74/1996): Verwysing van aangeleenthede na bestaande Spesiale Ondersoekenhede: Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming.....	41000	10
R. 25	Special Investigating Units and Special Tribunals Act (74/1996): Referral of matters to existing Special Investigating Unit: Lesedi Local Municipality.....	41000	12
R. 25	Wet op Spesiale Ondersoekenhede en Spesiale Tribunale (74/1996): Verwysing van aangeleenthede na bestaande Spesiale Ondersoekenhede: Lesedi Plaaslike Munisipaliteit.....	41000	14

PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

PROCLAMATION NO. R. 23 OF 2017

**by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA**

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as the "Act"), have been made in respect of the affairs of the Gauteng Provincial Department of Health (hereinafter referred to as "the Department");

AND WHEREAS the State or the Department suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule in respect of the Department, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Department;
- (b) improper or unlawful conduct by employees or officials of the Department;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Department; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which took place between 1 January 2016 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 January 2016 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the State or the Department, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of June Two thousand and seventeen.

J G Zuma
President

By Order of the President-in-Cabinet:

T M Masutha
Minister of the Cabinet

SCHEDULE

1. The procurement of, or contracting by or on behalf of the Department of the services from 28 entities in whose care mental health care users were entrusted and payments made in respect thereof in a manner that was—

- (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective;
 - (b) contrary to applicable—
 - (i) legislation;
 - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or the relevant Provincial Treasury; or
 - (iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Department;
 - (c) conducted by or facilitated through the improper or unlawful conduct of—
 - (i) officials of the Department; or
 - (ii) any other person or entity, to corruptly or unduly benefit themselves or others; or
 - (d) fraudulent,
- and related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Department or the State.

2. Any unlawful or improper act or omission by—

- (a) officials of the Department; or
 - (b) the owner of, a person in control of, or the staff of, an entity referred to in paragraph 1 of this Schedule,
- which caused or may have caused serious harm to mental health care users who were entrusted into the care of an entity.

PROKLAMASIE NO. R. 23 VAN 2017**van die
PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA****WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996
(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA
BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenheede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as die "Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Gauteng Provinsiale Departement van Gesondheid (hierna na verwys as "die Departement");

EN AANGESIEN die Staat of die Departement moontlike verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele verrigtinge voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld ten opsigte van die Departement, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, dit die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Departement;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beamptes van die Departement;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywigheede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe in verband met die sake van die Departement gepleeg is; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2016 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2016 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, maar wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Staat of die Departement gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Dertigste dag van Junie Twee duisend-en-.sewentien.

J G Zuma
President

Op las van die President-in-Kabinet:

T M Masutha
Minister van die Kabinet

BYLAE

1. Die aanskaffing van, of kontraktering deur of namens die Departement van die dienste van 28 entiteite in wie se sorg geestesgesondheids-sorg-verbruikers toevertrou was en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—

- (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie; of
- (b) strydig was met toepaslike—
 - (i) wetgewing;
 - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of die relevante Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of
 - (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Departement van toepassing is;
- (c) gedoen of gefasiliteer was deur die onbehoorlike of onregmatige optrede van—
 - (i) beamptes van die Departement; of
 - (ii) enige ander persoon of entiteit, om hulself of andere op 'n korrupte of onbehoorlike wyse te bevoordeel; of
- (d) bedrieglik was,

en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Departement of die Staat opgeloop was.

2. Enige onwettige of onbehoorlike handeling of versuim deur—

- (a) beamptes van die Departement; of
- (b) die eenaar van, 'n persoon in beheer van of die personeel van, 'n entiteit waarna in paragraaf 1 van hierdie Bylae verwys word,

wat ernstige benadeling vir geestesgesondheids-sorg-verbruikers wat aan die sorg van 'n entiteit toevertrou was, veroorsaak het of kon veroorsaak het.

PROCLAMATION NO. R. 24 OF 2017

by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as the "Act"), have been made in respect of the affairs of the Department of Rural Development and Land Reform (hereinafter referred to as "the Department");

AND WHEREAS the Department suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Department, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Department;
- (b) improper or unlawful conduct by employees or officials of the Department;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Department; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which took place between 1 January 2009 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 January 2009 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Department, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of June Two thousand and seventeen.

J G Zuma
President

By Order of the President-in-Cabinet:

T M Masutha
Minister of the Cabinet

SCHEDULE

1. The acquisition by the Department of the Bekendvlei, Nirwanda, Wonderhoek, Mont Piquet and Appelkloof farms, Mike's Chicken (Pty) Limited, immovable assets and animals for Project Harmonie, Project Uitkyk and Project Dipalemo in terms of the Department's Proactive Land Acquisition Strategy, and the identification, selection and appointment of strategic partners and beneficiaries for such farms in a manner that was—

- (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective;
- (b) contrary to applicable—
 - (i) legislation;
 - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury; or
 - (iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Department;
- (c) conducted by or facilitated through the improper or unlawful conduct of—
 - (i) officials of the Department; or
 - (ii) any other person or entity, to corruptly or unduly benefit themselves or others; or
- (d) fraudulent, and related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Department.

2. Misappropriation of recapitalisation funds in terms of the Recapitalisation and Development Programme of the Department relating to the allegations referred to in paragraph 1 of this Schedule.

3. Corruption, irregularities, malpractices or maladministration in the affairs of the Department relating to the allegations referred to in paragraphs 1 and 2 of this Schedule, including the causes of such corruption, irregularities, malpractices or maladministration and any losses, damages or actual or potential prejudice which the Department may have suffered.

PROKLAMASIE NO. R. 24 VAN 2017**van die
PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA****WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as die "Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (hierna na verwys as "die Departement");

EN AANGESIEN die Departement verliese gely het wat moontlik verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld, ten opsigte van die Departement, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, dit die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Departement;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beamptes van die Departement;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe in verband met die sake van die Departement gepleeg is; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2009 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2009 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Departement gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Dertigste dag van Junie Twee duisend-en-sewentien.

J G Zuma
President

Op las van die President-in-Kabinet:

T M Masutha
Minister van die Kabinet

BYLAE

1. Die aanskaffing deur die Departement van die Bekendvlei, Nirwanda, Wonderhoek, Mont Piquet en Appelkloof plase, Mike's Chicken (Edms) Bpk, onroerende bates en diere vir Projek Harmonie, Projek Uitkyk en Projek Dipalemo ingevolge die Departement se "Proactive Land Acquisition Strategy" en die identifisering, keuring en aanstelling van strategiese vennote en begunstigdes vir sodanige plase op 'n wyse wat—
 - (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik, of koste-effektief was nie;
 - (b) strydig was met toepaslike —
 - (i) wetgewing;
 - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendbriewe of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of
 - (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Departement van toepassing is;
 - (c) gedoen was of gefasiliteer was deur onbehoorlike of onregmatige optrede van—
 - (i) beamptes van die Departement; of
 - (ii) enige ander persoon of entiteit,om hulself of andere op n korrupte of onbehoorlike wyse te bevoordeel ; of
 - (d) bedrieglik was,
en verbandhoudende ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilte uitgawes wat deur die Departement opgeloop was.
2. Misbruik van die herkapitalisasie fondse ingevolge die Herkapitalisasie en Ontwikkelingsprogram van die Departement ten opsigte van bewerings waarna verwys word in paragraaf 1 van hierdie Bylae.
3. Korrupsie, onreëlmatighede, wanpraktyke of wanadministrasie in die aangeleenthede van die Departement ten opsigte van die bewerings waarna in paragrawe 1 en 2 van hierdie Bylae verwys word, insluitende die oorsake van sodanige korrupsie, onreëlmatighede, wanpraktyke of wanadministrasie en enige verliese, skade of werklike of potensiële nadeel wat die Departement mag gely het.

PROCLAMATION NO. R. 25 OF 2017

**by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA**

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as "the Act"), have been made in respect of the affairs of the Lesedi Local Municipality, situated in the Gauteng Province (hereinafter referred to as "the Municipality");

AND WHEREAS the Municipality or the State suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Municipality, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Municipality;
- (b) improper or unlawful conduct by councillors, officials or employees of the Municipality;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Municipality; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which took place between 1 January 2014 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 January 2014 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Municipality or the State, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of June Two thousand and seventeen.

J G Zuma
President

By Order of the President-in-Cabinet:

T M Masutha
Minister of the Cabinet

SCHEDULE

1. The procurement of, or contracting for goods, works or services by or on behalf of the Municipality and payments made in respect thereof in a manner that was—
 - (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective; or
 - (b) contrary to applicable—
 - (i) legislation;
 - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or the relevant Provincial Treasury; or
 - (iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of, or applicable to the Municipality,and any related irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by, or losses suffered by the Municipality or the State in respect of—
 - (aa) an automated time and attendance system;
 - (bb) organisational re-engineering related services;
 - (cc) the supply and delivery of fuel;
 - (dd) refuse removal services; and
 - (ee) accounting related services.
2. The failure by the Municipality to pay or to pay timeously the debts of the Municipality or government debtor accounts and related fruitless and wasteful expenditure incurred by, or losses suffered by the Municipality or the State.
3. The failure or refusal by the Performance Audit Committee of the Municipality to submit prescribed audit reports to the Municipal Council.
4. Any unlawful or improper conduct by—
 - (a) councillors, officials or employees of the Municipality;
 - (b) contractors, suppliers or service providers of the Municipality; or
 - (c) any other person or entity,relating to the allegations referred to in paragraphs 1, 2 and 3 of this Schedule.

PROKLAMASIE NO. R. 25 VAN 2017**van die
PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA****WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenheede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as die "Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Lesedi Plaaslike Munisipaliteit wat geleë is in die Gauteng Provinsie (hierna na verwys as "die Munisipaliteit");

EN AANGESIEN die Munisipaliteit of die Staat verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld, ten opsigte van die Munisipaliteit, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Munisipaliteit;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur raadslede, beamptes of werknemers van die Munisipaliteit;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Munisipaliteit; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2014 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2014 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Munisipaliteit of die Staat gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Dertigste dag van Junie Twee duisend-en-sewentien.

J G Zuma
President

Op las van die President-in-Kabinet:

T M Masutha

Minister van die Kabinet

BYLAE

1. Die aanskaffing van, of kontraktering vir goedere, werke of dienste deur of namens die Munisipaliteit en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—
 - (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie; of
 - (b) strydig was met toepaslike —
 - (i) wetgewing;
 - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of die relevante Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of
 - (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Munisipaliteit van toepassing is,en enige verwante onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat opgeloop is deur, of verliese wat gely is deur die Munisipaliteit of die Staat ten opsigte van—
 - (aa) 'n geoutomatiseerde tyd en bywoning-sisteem;
 - (bb) organisatoriese herstrukturering verwante dienste;
 - (cc) die verskaffing en lewering van brandstof;
 - (dd) afval verwydering dienste; en
 - (ee) rekening verwante dienste.
2. Die versuim van die Munisipaliteit om die skuld van die Munisipaliteit of staatskuldenaar-rekeninge te betaal of tydig te betaal en enige verwante vrugtelose en verspilde uitgawes wat opgeloop was deur, of verliese wat gely was deur die Munisipaliteit of die Staat.
3. Die versuim of weiering van die Prestasie Ouditkomitee van die Munisipaliteit om voorgeskrewe ouditverslae by die Munisipale Raad in te dien.
4. Enige onwettige of onbehoorlike optrede deur—
 - (a) raadslede, beamptes of werknemers van die Munisipaliteit;
 - (b) kontrakteurs, verskaffers of diensverskaffers van die Munisipaliteit; of
 - (c) enige ander persoon of entiteit,in verband met die bewerings waarna verwys word in paragrawe 1, 2 en 3 van hierdie Bylae.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065